

EERSTE GELUI van die KERKKLOK

29 September 2019

Kleinmond, Bettysbaai, Pringlebaai, Rooiels

Kerk, Vierdelaan 67 om 09:30

Ds. Steven Sass preek.
Hy lees uit Eksodus 32: 1-20.

Tema
'n Pelgrimslied tot binne-in
Sy troue liefde.

Gemeentesentrum, Disaweg Bettysbaai om 09:00:

Ds. Jan Momsen lei die diens.
Hy lees uit Matteus 6: 9-13.

Tema
Laat u koninkryk kom:
ook deur my!

DEURKOLLEKTE SONDAG:
Hugenote Kollege
Volgende week: Bediening aan die Jode

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS…

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Veral bid ons vir Tweenitha Coetzee: KB1 (3440),
Kobus de Jager: Sc2 (0765348088,
Douglas en Marie Veldtmann: KB3 (0828240765),
Wynand Badenhorst: Sa1 (0824626484)
Suretha Luttig: Ba1 (0726068525).

Ook vir Riti Turner van KB1 (0793862695)
en Du Toit van der Merwe van Sb2

En ook aan Wessel Coetzee van Sa4 (0834214164)

Ons dink baie aan Williena van Schalkwyk en haar familie na Ockert se dood. Mag hulle ervaar dat die Here naby is.

VROLIKE VERJAARDAG!

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Mag die jaar wat voorlê 'n jaar van vreugde en vrede in die Kleinmond-gesin van ons Hemelse Vader wees.

29 September
JOAN CILLIERS (0282713994 - KP)
CHRIS ELS (0833054436 - HK1)
TIELMAN NIEUWOUDT (0828983078 - PB1)

30 September
GERDA DE BEER (0827711311 - HK1)
MATHILDA DE JONGH (0763109441 - KB1)
NICO HEYNECKE (0835529139 - KP)
RONEL LE ROUX (0826524309 - Ba3)
KOBUS SCHREUDER (0282713783 - PM5)
MARIUS SCHUTZLER (0836605704 - Sb2)
SONJA VILJOEN (0829778575 - Sc4)

1 Oktober
PETRO BEUKES (0282714723 - Ba3)
ELLA FOURIE (0828953429 - BB6)
ERNA ROBBERTSE (0282729344 - BB1)
BETHA VAN SCHOOR (0720361066 - Sb4)

2 Oktober
ESMÉ COETZEE (0836633635 - HK3)
LOUW ERASMUS (0828940904 - KB1)
JOHANN MARAIS (0845884405 - HK3)
HERMAN MAREE (0833208327 - Ba1)

3 Oktober
LEON LABUSCHAGNE (0827694961 - Sb3)

4 Oktober
NICK AUSTIN (0282729129 - BB1)
ESSIE GROENEWALD (0823794713 - KP)
JACOBUS RADEMEYER 0824506382 - BB1)
SINA ROSSOUW (BB6)
JOHAN JR THERON (0711150380 - BB4)

5 Oktober
NIENIE BURGER (0837570806 - PM3)
KAYRIE NEETHLING (0282715177 - Bb1)
ADELE STEENKAMP (0832561267 - BB2)
IVAN STEVENS 0845800317 - Ba3)
CECILIA VERMEULEN (0826795990 - BB1)

WIT OLIFANTE VIR HANGKLIPBASAAR EN HEERLIKE WILDSWORS

Indien jy bruikbare huishoudelike artikels het wat nie meer gebruik word nie, kan Wolfgang Steinbach gebel word (082 823 6821) Hy sal dit kom oplaai.

Daar is ook weer heerlike wildswors beskikbaar. 100% vleis teen R80 per kilogram. Kleinmonders kan hul bestelling plaas en indien daar meer as 10kg bestel word, sal dit by die kerkkantoor afgelewer word.
Bel Riekie Nel by 084 704 4412.

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bybelskool
Dinsdag	Skole heropen 08:30 Dagbestuur vergader 16:30 Gebedsgroep 17:30 Kommissie vir Administrasie 18:00 Bid vir sendelinge
Woensdag	09:00 Normaalklas vir Vrouebybelstudie 15:00 Vrouedienskomitee

LIDMATE WAT DIE GESINSDIENS BYWOON

Lidmate wat die gesinsdiens in die kerksaal bywoon, word herinner dat die diens in die warmer kwartale om 08:30 begin.

SEESTREEK GROET DU TOIT EN KOTIN.



Du Toit en Kotin van der Merwe was die afgelope 10 jaar die wyksouderlingspaar van die Seestreek se wyk Sb2, ‘n taak wat sorgvuldig en met groot liefde uitgevoer is. Hulle het verder ook in die kerkkoor gesing, waar hy die voorsitter was. Volgens die koorleidster was hy ‘n formidabele bas, wat altyd die lae note van die slot van ‘n lied meesterlik kon bykom. Hulle verhuis op 15 Oktober na Bridgewater Estate.

Die Seestreek wens hulle baie geluk toe in die nuwe omgewing en glo hulle sal daar net so ’n groot bydrae lewer.

PROJEKTE VAN DIE EKO-BEDIENING

- **Proppie en doppies: in die houers by ingange van aanbiddingslokale**
- **Broodsakkie-knippies: ook in dieselfde houers in klein sakkie asb.**
- **Herbruikbare inkopiesakke steeds beskikbaar @ R15 elk. Nuwe helder kleure!**
- **Plaas jou sak met herwinbares in sleepwa by DB Hub (langs Sasol): Woensdae en Donderdae.**

Hoender wegneem-ete: 4 Oktober

En Hangklip het weer hul aanloop-tot-die-basaar heerlike wegneem-ete: gebraaide kwart-hoender, 2 slaaie en ’n broodrolletjie. En die lekkerste is dat Kleinmonders dit by die kerksaal kan kom haal, Bettysbaaiers en Pringlebaaiers by die gemeentesentrum en almal in Rooiels by Drummond Arms. Dit kan tussen 17:00 en 19:00 gekry word. Die kaartjies is by die kerkkantoor of by die dienswerkers in Hangklip. Teen R55 is dit baie goeie waarde vir geld.

GEBEDFOKUS

Hierdie week stuur ons Bybelverse waarin die woord “lig” van God voorkom soos pyle uit oor ons gemeente, oor ons gemeenskap en oor Suid Afrika. Kom ons bid so saam:

- “Hy besit lewe en kan lewe gee. Dit is hierdie lewe wat vir mense lig gebring het. Sy lig skyn in die donker, en die donkerte kan dit nie uitdoof nie.” (Joh 1:4+5) Here, so glo ons dat u lig nie in ons gemeente of in ons omgewing of in Suid Afrika uitgedoof kan word nie.
- Vader, U het ons gered sodat ons lewe in u koninkryk bruikbaar kan wees. “..’n goeie mens se lewe is soos die rooi gloed teen dagbreek wat al ligter word totdat dit uiteindelik die helder daglig word. (Spr 4:18)
- Psalm 43:3: “Stuur U lig en u waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na u heilige berg en na u woning.” Amen

BEGELEIER VIR HANGKLIP

Baie dankie aan Anelma East wat vir amper 7 jaar as begeleier by die eredienste in Hangklip opgetree het. Ons het groot waardering vir haar. Sy het nou bedank.

Ons is nou op soek na ’n nuwe begeleier vir Hangklip. Enige persoon wat belangstel kan voor 4 Oktober hul CV by die kerkkantoor ingee.

KLEINGROEPE

Omgeegroepe en Bybelstudiegroepe word hartlik uitgenooi na die jaarlikse byeenkoms van alle kleingroepe. Dit vind plaas op **Woensdag 9 Oktober** om 18:00 vir 18:30 in die kerksaal.
Die formaat, Bring en Deel, is presies soos die vorige jare.
Alle groepe word versoek om ’n eenbak-warm gereg, slaai en nagereg vir hulle groep te bring.
Bring ook eie eetgerei, borde, nageregbakkie, glase, beker en drank. Elke groep moet ook 3 opskeplepels bring. Warm water, koffie, tee, suiker en melk sal voorsien word. Ons reël ook weer lekker brood en konfyt.
Kleingroepleiers moet asseblief voor 5 Oktober laat weet hoeveel van hul lede die geleentheid sal bywoon. Die getalle is baie belangrik om die saal gereed te kry. Wit tafeldoeke sal op die tafels wees.
Die saal sal tussen 16:00 en 17:00 oop wees vir groepe om hul tafel te dek en te versier.
Ons sien daarna uit om heerlik saam te kuier.

EMBLEEM VIR JUBELJAAR

Volgende jaar is ons gemeente 50 jaar oud.
Ons gaan die hele jaar deur feesvier.
Ons wil graag ’n fees-embleem vir die jaar ontwerp.
Enige lidmaat wat lus is om sy/haar hand aan soiets te waag, is welkom om in te skryf.

Eko-wenk vir die week

Wat doen ek met ongebruikte of vervalde?Moenie enige medisyne in die watersisteem laat kom nie, behalwe as die voubiljet dit uitdruklik toelaat. Die veiligste is om dit by jou plaaslike apteek in te gee (beide Albertyn en Kleinmond Apteke het die fasilteit). Sekere medikasie ontbind nie maklik nie en spore daarvan in die grondwater of see kan nadelig wees vir mense en die omgerwing. Dit was hoeka Nasionale Apteek Maand gedurende September: maak jou medisynekassie skoon en gee in by jou apteek!

En vir alle clivia-liefhebbers:

Ons gemeente se snapscan kode

Leraars:
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sasssteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279 drchrismalan@outlook.com
Kerkkantoor:
Nienie Burger: 0282713470 nelineburger@gmail.com
Elizna Hogan: 0282713268 eliznahogan@gmail.com
Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za
Facebook: NGK Kleinmond.

Om direk met die kerkraad te kommunikeer:
ngkkleinmond@gmail.com

Gemeente se bankbesonderhede:
ABSA
Rekeningnaam: NG Kerk Kleinmond
Takkode: 334-812
Rekeningnommer: 322-015-0320